# Aflewering 1 (11-04-2025)

Yahshua verskyn aan Johannes op die eiland Patmos, met ‘n boodskap wat hy aan Yahshua se volgelinge moet meedeel, oor wat in die toekoms gaan gebeur tot aan die einde van hierdie kant van die dood.

Yahshua is die Messias wat jare lank deur die profete voorspel was, wat sy volk gaan red uit die mag van hulle vyande, maar Hy het ook hulle Verlosser geword van die ewige dood, deur in hulle plek te sterf.

Sy volk is die vrou met die kroon met twaalf sterre wat die twaalf stamme van die Israeliete verteenwoordig. Hierdie twaalf stamme se oorsprong was die twaalf aartsvaders (twaalf seuns van dieselfde vader, Israel). Israel se oupa was ‘n vriend van God en God het met hom ‘n verbond gemaak en gesê Hy sal vir hom en sy nageslag ná hom, ‘n God wees en hulle sal vir Hom ‘n volk wees. Sy naam was Abraham.

Die vrou met die twaalf sterre was swanger en sou ‘n Seun baar, en hierdie Seun is die Messias na wie die profete verwys het. Die profete het gesê dat Hy al die koninkryke van hierdie wêreld gaan vernietig, en dan sy eie Koninkryk vestig met sy volk Israel as sy mede-erfgename en mede-regeerders oor die hele aarde.

***Openbaring** 12:5  En sy het ‘n manlike kind gebaar, wat al die nasies met ‘n ystersepter **sou** regeer; en haar kind is weggeruk na God en sy troon.*

Die Satan (die draak) was in vyandskap met die Almagtige omdat hy homself so magtig geag het dat hy sy eie troon gelyk gestel het aan die troon van die Almagtige. Hierdie misdaad teen die Almagtige het hom sy heerlikheid en sy heerskappy gekos. Omdat hy net ‘n gérub van God was, wat deur God verhoog was tot hierdie hoë status, het God hom neergewerp en nou was hy in sy vernederde staat ‘n rebel teen die Almagtige en het Hom teëgestaan in alles wat Hy gedoen het.

Met die geboorte van die Messias het hy met sy gevalle engele (hulle wat saam met hom in opstand gekom het teen die Almagtige) beplan om die Kind van die vrou te vermoor en so te voorkom dat Hy sy volk van hulle sonde verlos en ook die Satan se koninkryk vernietig en sy eie Koninkryk vestig wat tot in ewigheid sal bestaan.

Die kind (Yahshua die Verlosser van Israel) word gebore en die Duiwel bewerk wel dat Hy doodgemaak word, maar die Duiwel het sy hand oorspeel. Nadat Yahshua sterf daal Hy neer na die doderyk, maar in plaas daarvan dat Hy soos al die ander mense wat gesterf het ‘n gevangene van die doderyk word, neem Hy die sleutels van die doderyk omdat Hy sonder sonde veroordeel was en die doderyk geen reg in geregtigheid gehad het om Hom te kon toesluit nie.

***Openbaring** 1:17-18  En toe ek Hom **(Yahshua)** sien, val ek soos ‘n dooie aan sy voete; en Hy het sy regterhand op my gelê en vir my gesê: Moenie vrees nie; **Ek is die eerste en die laaste**  (18)  **en die lewende; en Ek was dood en kyk, Ek leef tot in alle ewigheid. Amen.** En Ek het die sleutels van die doderyk en van die dood.*

Die Satan se triomf was van baie korte duur, want op die derde dag staan Yahshua uit die dood uit op en vaar op na God in die hemel. Nadat die Satan hierdie vernederde hou toegedien is, bly daar vir hom net een opsie oor: hy moet Yahshua agtervolg en Hom in die hemel verslaan. Hy maak al sy engele bymekaar en ruk op na die troon van God waar Yahshua aan sy regterhand sit en bevind hom in ‘n oorlog met die engel Migael.

***Openbaring** 12:7-8  En daar het oorlog in die hemel gekom: Mígael en sy engele het oorlog gevoer teen die draak, en die draak en sy engele het oorlog gevoer;  (8)  en hulle kon nie oorwin nie, en hulle plek was in die hemel nie meer te vinde nie.*

Nie alleen het hy ‘n nederlaag gely in die hemel deurdat hy deur Migael en sy engele verslaan is nie, maar sy toegang tot die hemele is ook gestop. Hy word toe op die aarde neergewerp, hy met sy engele. Dit was ‘n goeie dag vir die hemele, maar ‘n slegte dag vir die bewoners van die aarde.

***Openbaring** 12:9-12  En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, wat die hele wêreld verlei, <u>hy is neergewerp op die aarde</u>, en sy engele is saam met hom neergewerp.  (10)  Toe hoor ek ‘n groot stem in die hemel sê: Nou het die heil en die krag en die koningskap die eiendom van onse God geword, en die mag van sy Christus; want die aanklaer van ons broeders is neergewerp, hy wat hulle aanklaag voor onse God, dag en nag.  (11)  En hulle het hom oorwin deur die bloed van die Lam en deur die woord van hulle getuienis, en hulle het tot die dood toe hulle lewe nie liefgehad nie.  (12)  Daarom, wees verheug, o hemele en die wat daarin woon; <u>wee die bewoners van die aarde en die see, want die duiwel het na julle neergedaal met groot woede</u>, omdat hy weet dat hy min tyd het.*

Voor hierdie oorlog het die Duiwel nog toegang tot die hemele gehad, maar na die oorlog was hy beperk tot die aarde. Hy was ook die slang van Eden wat Adam en Eva verlei het om God nie te glo nie. Hy is die draak wat die vrou en haar kind wou verslind.

***Lukas** 10:18  Toe sê Hy vir hulle: Ek het die Satan soos ‘n bliksem uit die hemel sien val.*

Die Satan was nou ‘n verslane vyand en weet dat daar vir hom geen uitkoms uit sy oordeel is nie. Sy uiteinde is die hel en hy kan dit nie ontvlug nie, daarom is hy woedend op die aarde en kyk wie hy kan verslind. Hy agtervolg die vrou en haar nakomelinge; hulle wat die Kind van die vrou se gebooie onderhou.

***Openbaring** 12:17  En die draak was vertoornd op die vrou, en hy het weggegaan om oorlog te voer teen haar ander nakomelinge wat die gebooie van God bewaar en die getuienis van Jesus Christus hou.*

In Openbaring 6:2 hardloop die eerste van vier perde. ***Openbaring*** *6:2  En ek het gesien, en kyk, daar was 'n wit perd. En hy wat daarop sit, het 'n boog; en aan hom is 'n kroon gegee, en hy het uitgegaan as 'n oorwinnaar en om te oorwin.*

Yahshua is die Oorwinnaar en aan Hom is die kroon gegee. Hy het uitgegaan om te oorwin en is die Oorwinnaar. Hy het die dood oorwin, Hy het die Satan finaal verslaan en Hy het sy volk van hulle sonde verlos. ***Matthéüs*** *1:20-21  Maar terwyl hy dit in die gedagte gehad het, verskyn daar 'n engel van die Here in 'n droom aan hom en sê: Josef, seun van Dawid, wees nie bevrees om Maria, jou vrou, by jou te neem nie, want wat in haar verwek is, is uit die Heilige Gees;  (21)  en sy sal 'n seun baar, en jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos.*

Hoewel die profete gesê het dat Hy sy Koninkryk gaan vestig en as Koning regeer tot in ewigheid, het dit nie gebeur nie, maar dit gaan nog gebeur. Wanneer Hy weer kom, gaan Hy al sy vande voor Hom verslaan en sy Koninkryk vestig.

***Lukas*** *1:30-33  En die engel sê vir haar: Moenie vrees nie, Maria, want jy het genade by God gevind.  (31)  En kyk, jy sal swanger word en 'n Seun baar, en jy moet Hom Jesus noem.  (32)  Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word; en die Here God sal aan Hom (Yahshua) die troon van sy vader Dawid gee,  (33)  en Hy sal koning wees oor die huis van Jakob tot in ewigheid, en aan sy koninkryk sal daar geen einde wees nie.*

Die beeld wat Nebukadnésar gesien het met die goud, silwer, koper, yster en yster gemeng met klei, was die koninkryke van sy dae af tot met die wederkoms van Yahshua. Hierdie koninkryke was die Babiloniese-, Mede en Persiese-, Griekse- en Romeinse Ryke. Sonder die toedoen van 'n mens se hand het daar 'n klip losgeraak en die beeld (die laaste ryk) teen sy voete getref en die laaste ryk en al die nalatingskap van die vorige ryke, vernietig. Ons lewe in die tyd van die laaste ryk, die yster gemeng met klei. Die Romeinse Ryk gemeng met klei en die klei is die Romeinse kerk. Hierdie vervulling gebeur met die wederkoms van Yahshua.

Na die eerste perd hardloop die **tweede perd**. ***Openbaring*** *6:4  En 'n* ***ander perd****, 'n* ***vuurrooie****, het uitgekom, en aan hom wat daarop sit, is dit gegee om die vrede van die aarde af weg te neem en dat hulle mekaar sou doodmaak; en 'n groot swaard is aan hom gegee.*

Omdat die Satan met woede op die aarde beland het en omdat hy 'n mensemoordenaar is, is die vrede van die aarde af weggeneem. Net soos die eerste perd, hardloop hierdie perd ook nog steeds.

Die **derde perd** hardloop: ***Openbaring*** *6:5-6 En toe Hy die **derde seël** oopgemaak het, hoor ek die derde lewende wese sê: Kom kyk! En ek het gesien, en kyk, daar was 'n **swart perd**; en hy wat daarop sit, het 'n skaal in sy hand. (6) En ek het 'n stem tussen die vier lewende wesens hoor sê: 'n Rantsoen koring vir 'n penning en drie rantsoene gars vir 'n penning; en moenie die olie en die wyn beskadig nie.*

In die jaar 1602 word die Verenigde Oos Indiese Kompanjie gestig. Die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie (VOC) word beskou as die wêreld se eerste publieke maatskappy.

1. Die VOC is in 1602 gestig in Nederland en het aandele aan die publiek uitgereik, wat mense kon koop en verhandel.
2. Hierdie aandele was verhandelbaar op die Amsterdamse Effektebeurs, wat terselfdertyd gestig is – die eerste beurs van sy soort.
3. Mense wat aandele besit het, was mede-eienaars van die maatskappy en het dividende ontvang uit die wins van die handel.

Hierdie perd hardloop ook nog steeds, maar die volgende perd wat dalk al begin hardloop het en nog spoed gaan kry, is die **vierde perd**: ***Openbaring*** *6:7-8 En toe Hy die **vierde seël** oopgemaak het, hoor ek die stem van die vierde lewende wese sê: Kom kyk! (8) En ek het gesien, en kyk, daar was 'n **vaal perd**. En hy wat daarop sit, sy naam is die dood, en die doderyk het hom gevolg. En aan hulle is mag gegee oor die vierde deel van die aarde om dood te maak met swaard en hongersnood en pes en deur die wilde diere van die aarde.*

Nadat Yahshua opgevaar het, stort Hy sy Gees uit op sy dissipels en maak hulle bekwaam as dienaars van die Nuwe Verbond. Yahshua self verskyn aan Paulus en nadat hy hom tot God bekeer, is hy 'n kragtige werktuig in God se wingerd. Saam met sommige van die ander Apostels skryf hulle briewe, asook die boek Openbaring wat Yahshua vir ons gegee het, wat die verbondsvolk die weg na saligheid bekend maak.

Aanvanklik draai die sending-bediening in en rondom Jerusalem, maar met die vernietiging van Jerusalem, asook die sendingreise van Paulus, versprei die evangelie deur die hele Romeinse Ryk. Hierdie volgelinge van Yahshua was baie ywerig met die uitleef van hulle geloof, asook die verkondiging daarvan en dit het soms gelei tot groot verdrukking en selfs die dood.

Petrus skryf in een van sy briewe dat die gelowiges nie hulle verstand moet verloor met betrekking tot die wederkoms van Yahshua nie en dat die man van sonde eers openbaar moet word.

***2 Thessalonicense** 2:1-4  Maar ons vra julle, broeders, met die oog op die wederkoms van onse Here Jesus Christus en ons vereniging met Hom,  (2)  om nie gou julle verstand te verloor of verskrik te word nie—deur gees of deur woord of deur brief wat van ons afkomstig sou wees—asof die dag van Christus al daar is.  (3)  Laat niemand julle op enige manier mislei nie, want eers moet die afval kom en die mens van sonde geopenbaar word, die seun van die verderf  (4)  die teëstander wat hom verhef bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is.*

Die tempel van God is vernietig en kerkgeboue wat ons intussen leer bou het, is nie die tempel van God nie, maar ons is self die tempel van God. Nou waarsku Paulus dat die man van sonde eers geopenbaar moet word: hy wat in die tempel van God sit en homself verhef bo God. Humanisme is ‘n mens wat homself hoër stel as God en elkeen wat in God se tempel sit, sy eie liggaam en homself belangriker ag as God, is deel van die afval.

Hierdie afval wat Paulus van gepraat het, is vergestalt in die sogenaamde bekering van Konstantyn en die begin van die Romeins-Katolieke Kerk in 313 n.C. Die Pous was later aangestel as die hoof van die kerk en dit wat hy gesê het, volgens hom, waarheid is bo dit wat God gesê het, hoewel Yahshua gesê het Hy is die Hoof van die Gemeente. Hierdie gees van gesag is deur die hele moderne tyd (van daardie tyd) versprei en die gesag van die Pous was bo die gesag van Yahshua.

In 476 n.C. – toe die laaste keiser, Romulus, deur die Germaanse leier Odoaker afgesit is, het die Romeinse Ryk opgehou om te bestaan soos dit vir eeue was, maar die mag van die Romeinse Ryk het oorgegaan na die Romeinse Kerk, wat met vrees vir die hel die wêreld en sy konings gedomineer het. Hierdie toestand is die voete van yster en klei van die beeld van Daniël, maar dit is ook die eerste dier wat Johannes uit die see uit sien opkom.

DAAR STAAN ÓÓK GESKRYWE